

VOEDING EN WOLPRODUKSIE

- wat elke wolboer moet weet

■ DEUR RONÉL JOUBERT

Wol is 'n natuurlike vesel wat hoog aangeslaan word vir sy insuleervermoë, duursaamheid en veelsydigheid. 'n Skaap se genotipe bepaal sy potensiaal vir veselproduksie en -kwaliteit. Hierdie potensiaal kan egter aansienlik beïnvloed word deur voeding. Die invloed van voeding op wolproduksie is multi-faktoriaal, wat verskeie aspekte soos veselgroeiempo, -deursnee en stapeltreksterkte beïnvloed. Dit het ook 'n effek op die ontwikkeling van wolfollikels voor en na geboorte.



Voeding voor en na geboorte – die grondslag vir wolproduksie

Die ontwikkeling van die aantal wolfollikels in die vel, wat verantwoordelik is vir die produksie van wolvesels, vind plaas tydens die fetale stadium en is baie afhanklik van die voedingstowwe wat deur die moeder voorsien word deur die plasenta. Indien 'n fetus ondervoeding ervaar, veral gedurende die laaste derde van die dragtigheidsperiode, wanneer sekondêre follikelontwikkeling 'n hoogtepunt bereik, kan dit lei tot 'n permanente vermindering in die aantal sekondêre follikels wat vorm, wat gevolglik die lam se leeftyd-wolproduksievermoë benadeel. Terwyl voeding voor geboorte die grondslag lê vir follikelontwikkeling, is voeding ná geboorte noodsaaklik om wolgroei te handhaaf en te optimaliseer.

Spesifieke voedingsfaktore

Binne 'n skaap se biologiese wolproduksiepotensiaal bestaan daar 'n direkte positiewe verwantskap tussen voerinnamte en veselgroeiempo. Toename in produksie word weerspieël in beide growwer veseldeursnee en lengtegroeiempo as gevolg van voedinggedrewe wysigings op follikelvlak.

Ondervoeding lei op sy beurt tot ligter vaggewigte, korter stapellengtes en 'n fyner veseldeursnee. Situasies wat kan lei tot verlaagde voerinname weens koorssiektes, asidose (suurpens), gemufde voer en laegehalte-roumateriale moet sover moontlik beperk word. Wanneer daar van voer verander word, moet skape eers geleidelik aangepas word op die nuwe voer, verkieslik oor 'n periode van 7 tot 14 dae. Sodoende verlaag die risiko vir voerweiering asook die voorkoms van suurpens wat voerinname kan benadeel.

Met verhoogde voedingspeile moet die verteerbare droëmateriaalinhoud in aanmerking geneem word. Dit verwys dus in werklikheid na 'n verhoogde voorsiening van voedingstowwe aan die skaap, waarvan energie en proteïene die grootste impak op wolproduksie het.

Energie-aanvulling

Hoë-energie-voerbestandele is gewoonlik duurder per ton, maar dit kan teen laer peile gevoer word, wat die vervoerkoste per eenheid energie afbring indien dit oor lang afstande vervoer moet word. Grane soos mielies, koring, korog, sorghum en gars het elk 'n hoë energiedigtheid. Hawer kan ook gebruik word as energiebron, maar sy energiedigtheid is nie so hoog soos die ander graanbronne nie, en sal dus teen hoër vlakke gevoer moet word. Wees ook versigtig om nie te veel koring en korog te voer nie, aangesien hierdie twee grane baie vinnig in die rumen fermenteer en kan lei tot suurpens. 'Hominy chop' is 'n mielie-byproduk met 'n hoë energiewaarde wat met welslae in skaapvoere gebruik kan word mits die kwaliteit daarvan goed is en dit in kombinasie met ander graanbronne ingesluit word. Insluiting word egter beperk vanweë hierdie roumateriaal se hoë vetinhoud, wat rumenwerking kan versteur.

Proteïenaanvulling

Keratien is 'n proteïenmolekuul wat die strukturele basis van wolvesels vorm. Daarom is 'n voldoende proteïen-bevattende dieet noodsaaklik vir die produksie van sterk wolvesels wat nie maklik breek nie. Proteïene in die dieet word in die rumen sowel as die dunderm afgebreek na 'n meer eenvoudige vorm wat bekend staan as aminosure, die boustene van die onderskeie proteïenmolekules. Die essensiële swaël-bevattende aminosure, metionien en sisteïen, is noodsaaklik vir die vorming van keratien. Sonder hierdie aminosure kan keratien nie gebou word nie, wat beteken dat wolgroei ingeperk sal word, met swak vesels wat maklik breek. Wanneer natuurlike proteïen aangevul word in die dieet, moet daar seker gemaak word dat dit van hoë gehalte is, met 'n goed saamgestelde aminosuurprofiel.

Die meeste oliekoek (sojaboon, kanola en katoen), asook vismeel, is goeie bronne om te gebruik. Aangesien geen enkele oliekoek die perfekte aminosuurprofiel het om volkome in die skaap se behoefte te voorsien nie, is 'n kombinasie van oliekoek 'n gesonde praktyk om na te volg. 'n Gedeelte van hierdie proteïenbronne beweeg onverteer verby die rumen, waar dit in die dunderm afgebreek word – die sogenaamde verbyvloei-proteïene. Hierdie proteïenfraksie speel 'n redelik belangrike rol in wolgroei en die kwaliteit daarvan is dus baie belangrik om goeie wolproduksieresultate te verkry. Rumenmikrobeproteïen, wat 'n uitstekende aminosuurprofiel verskaf, is egter die basis van die skaap se daaglikse proteïenbehoefte; deurlopende goeie rumenbestuur is dus van kritieke belang vir goeie wolproduksie.

Minerale

Verskeie makro- en mikrominerale in die

korrekte balans is van belang by die algehele gesondheid en produksie van 'n skaap, maar swael, sink en koper het 'n meer direkte effek op wolproduksie. Swael is 'n belangrike komponent van keratien en die beskikbaarheid daarvan kan wolgroei direk beïnvloed. Sinktekorte kan lei tot bros wol, verlies aan krimp, en selfs vagverlies, terwyl kopertekorte depigmentasie van wol met harde vesels sonder kartel kan veroorsaak – 'n toestand wat bekend staan as "staalwol". Tekorte kan ook treksterkte verminder en wolgroei nadelig beïnvloed.

Vitamiene

Vitamiene is noodsaaklik vir verskeie metabolismiese prosesse, en alhoewel 'n direkte verband tussen spesifieke vitamiene en wolgroei nog nie behoorlik vasgestel kon word nie, kan tekorte van veral die vetoplosbare vitamien A, D en E asook B-vitamiene, wolproduksie indirek negatief beïnvloed.

Moet nooit uit die oog verloor dat skape in die eerste plek herkouders is wat primêr afhanklik is van genoegsame ruvoer in hul dieet nie. Sonder voldoende ruvoer sal enige addisionele voerbyvoeging waardeloos wees.

Verstaan die voedingsuitdagings en bestuur dit

Weidende skape is veral kwesbaar vir wisseling in voerkwaliteit en -kwantiteit as gevolg van seisoenale veranderinge in weidingstoestande. Hierdie veranderlikheid kan lei tot oneweredige veseldeursnee, wat uiteindelik stapelsterkte en wolgehalte verswak. Gedurende die droë maande ervaar skape dikwels gewigsverlies as gevolg van lae weidingsbeskikbaarheid en/of -kwaliteit, byvoorbeeld op stoppellande, oesreste en wintergrasveld wat bekend is vir hul lae verteerbaarheid. Sorg dus dat daar 'n goeie ruvoerbuffer beskikbaar is in die vorm van hooi of kuilvoer wat uitgevoer kan word tydens weidingskaarste of om swak weidings aan te vul.

Goeie weidingbestuur en byvoeding kan help om die negatiewe uitwerking van seisoenale variasies in weidingstoestande te versag. Aanvullende voedingstrategieë moet daarop gemik wees om groot gewigsverliese te voorkom. Vir dragtige ooie moet aanvullings noukeurig aangewend word, met inagneming van beide die seisoenale toestande en die ooi se stadium van dragtigheid, om optimale groei te verseker. Die voorsiening van hoëgehalte-energie- en proteïenaanvulling tydens laatdragtigheid kan, weens die ooi se hoër voedingsbehoefte, wolgroei en stapelsterkte verbeter sonder om die gemiddelde veseldeursnee noemenswaardig te vergroot.

Vir 'n wolprodusent om suksesvol te wees is dit belangrik om die impak van voeding op wolproduksie te verstaan. Deur te voorsien in die voedingsbehoefte van skape regdeur hul lewensiklus (wat reeds voor geboorte begin) en strategieë te implementeer om seisoenale variasies in voerbeskikbaarheid en kwaliteit te versag, kan wolprodusente beide die opbrengs en waarde van hul wolskeersel maksimeer. Maak gerus kontak met u naaste veekundige vir advies rakende hierdie onderwerp. 🐏

